2019 Kloppers Eden Jaggeweerskiet Ope...'n Dag van rekords. 'n Rekord bedrag pryse deur Kloppers, George. 'n Rekord getal inskrywings van regoor die land. En soos meeste gebeure in drieë werk, ook 'n rekord hoë dag op die hitte skaal.

Louvain Gasteplaas is weer gasheer vir die 136 skuts wat aanmeld vir hierdie spog geleentheid. Die dag begin met koffie en beskuit voor die onthaalsaal waar Oom Johan Fourie die dag op gepaste wyse open. Na verduideliking van die baanuitleg vertrek die vooraf ingedeelde skuts in groepe na hul onderskeie bane.

By Baan 1 word geskiet na die rooijakkals deur gebruik te maak van 'n tweepoot sitstok oor 'n afstand van ongeveer 240m.



Baan 2 en 3 bestaan uit die alombekende 200mm staal gonge. Voorsiende ruste vir baan 2 is 'n skuins rondepaal waarby gesit word en gonge van links na regs versprei is oor afstande van 200m tot 300m. Baan 3 se ruste is die bekende "Accurate concepts" staan skietstokke, maar in 'n nuwe meer

stabiele weergawe. Gonge wissel van 350m tot 240m .





Baan 4 word daar oor stewige driepoot stokke gestaan en skiet na die vlakvark teiken op ongeveer 175m.



Baan 5 se vryhand sit posisie word geskiet na die dwarsblesbok teiken wat staan op 'n sandwal ongeveer 140m vanaf die skuts se posisie .





Baan 6 word daar vryhand gelê na 10 sprinbokke oor 'n sanderige mirage vlakte op 200m.





Kort voor 15h00 ego die laaste skote waarna die samekoms verskuif na die onthaal saal. Hier bring die broodtafel wat reeds gedek staan asook iets koud vir die keel lafenis aan 'n ieder en 'n elk.




Voor ses word die aansit ete bedien waarna die prysuitdeling in alle erns begin. Pryse word toegeken in die goud, silwer, brons, dames, juniors, penkoppe, seniors, veterane en nie-lede klasse.
Ook vir die skuts wat algeheel top10 vir die dag eindig het, het daar reuse pryse opgelyn gestaan.
Verskeie gelukkige trekkings vind plaas deur die loop van die verrigtinge en word daar laastens 'n finale trekking gemaak en word een gelukkige junior skut uit Beaufort-Wes se wêreld die trotse eienaar van 'n Sabatti Rover Inox .243 jaggeweer.




Resultate in die Interdistrikte kompetisie wat plaasvind tussen die mans, dames en junior spanne van onderskeidelik Eden, Cape Winelands en Cape Town is as volg:

Mans:

1. Eden Open
2. Cape Winelands Open
3. Cape Town Open

Dames:

1. Eden Ladies
2. Cape Town Ladies

Juniors:

1. Cape Town Juniors
2. Eden Juniors


expert Kloppers
Western Cape Government
Cultural Affairs and Sport


expert Kloppers
Western Cape Government
Cultural Affairs and Sport
CAPE TOWN
HUNTING RIFLE


expert
Kloppers
CAPE TOWN